# CULLINAN HOLDINGS BEPERK
# TOERISME EN ONTSPANNING

### NAGESIENE OPGESOMDE GEKONSOLIDEERDE RESULTATE VIR DIE JAAR GEËINDIG 30 SEPTEMBER 2009

## FINANSIËLE HOOGTEPUNTE VAN DIE GROEP

Wesensverdienste – volle jaar styg met 194%

Verdienste – volle jaar styg met 10%

Wins voor belasting – volle jaar styg met 16%

Wins voor belasting – eerste sesmaandetydperk daal met 61%

Wins voor belasting – tweede sesmaandetydperk styg met 1 585%

Omset – volle jaar styg met 4%

Omset – eerste sesmaandetydperk daal met 8%

Omset – tweede sesmaandetydperk styg met 15%

### OPGESOMDE GROEPSTAAT VAN FINANSIËLE POSISIE

| | Nagesien soos op 30 September 2009 R'000 | Geouditeer soos op 30 September 2008 R'000 |
|---|---|---|
| **BATES** | | |
| **Nie-bedryfsbates** | **122 864** | 118 205 |
| Eiendom, masjinerie en toerusting | **52 695** | 60 544 |
| Klandisiewaarde | **33 593** | 24 070 |
| Ontasbare bates | **26 055** | 27 705 |
| Beleggingseiendomme | **5 000** | – |
| Belegging in geassosieerde maatskappye | **3 053** | 1 220 |
| Belegging in gesamentlike onderneming | **1 241** | 1 058 |
| Uitgesteldebelasting-bate | **1 227** | 3 608 |
| **Bedryfsbates** | **239 174** | 283 953 |
| Voorraad | **16 737** | 9 925 |
| Rekenings ontvangbaar | **122 445** | 142 969 |
| Ander finansiële bate | **754** | – |
| Belasting | **2 708** | 890 |
| Kontantmiddele | **96 530** | 130 169 |
| **Nie-bedryfsbates gehou vir verkoop** | **6 551** | 7 757 |
| **Totale bates** | **368 589** | 409 915 |
| **EKWITEIT EN LASTE** | | |
| Gewone aandeelhouersekwiteit | **111 520** | 92 855 |
| Voorkeuraandeelhouersekwiteit | **546** | 546 |
| Nie-beherende belang | **5** | 5 |
| **Totale aandeelhouersekwiteit** | **112 071** | 93 406 |
| **Nie-bedryfslaste** | **46 967** | 45 928 |
| Uitgesteldebelasting-aanspreeklikheid | **3 067** | 2 386 |
| Langtermynlenings | **33 132** | 34 705 |
| Bedryfshuuroploping | **10 268** | 8 337 |
| Voorkeuraandele | **500** | 500 |
| **Bedryfslaste** | **209 551** | 270 581 |
| Korttermyngedeelte van langtermynlenings | **4 040** | 4 351 |
| Bedryfshuuroploping | **215** | 68 |
| Rekenings betaalbaar | **197 488** | 257 527 |
| Belasting | **1 121** | 741 |
| Voorkeurdividende | **41** | 14 |
| Voorsienings | **6 646** | 7 880 |
| **Totale ekwiteit en laste** | **368 589** | 409 915 |

### OPGESOMDE GROEPSTAAT VAN OMVATTENDE INKOMSTE

| | Nagesien jaar geëindig 30 September 2009 R'000 | Geouditeer jaar geëindig 30 September 2008 R'000 |
|---|---|---|
| **Inkomste** | **406 509** | 397 603 |
| Omset | **403 949** | 389 939 |
| Netto bedryfsuitgawes | **(381 383)** | (373 229) |
| Bedryfswins | **22 566** | 16 710 |
| Finansieringsinkomste | **2 560** | 7 664 |
| Finansieringsuitgawe | **(417)** | (4 637) |
| Voorkeurdividende betaal | **(55)** | (55) |
| Aandeel van (verlies)/wins van assosiate | **(771)** | 342 |
| Aandeel van wins van gesamentlike onderneming | **183** | 710 |
| Wins voor belasting | **24 066** | 20 734 |
| Belastinguitgawe | **(6 115)** | (4 424) |
| Wins vir die jaar | **17 951** | 16 310 |
| Ander omvattende inkomste: | | |
| Wisselkoersverskille by omrekening van buitelandse bedrywighede | **(150)** | (360) |
| Herwaardasie van grond en geboue | **864** | – |
| Totale omvattende inkomste vir die jaar | **18 665** | 15 950 |
| Wins toeskryfbaar aan: | | |
| ekwiteitshouers | **17 951** | 16 310 |
| nie-beherende belang | **–** | – |
| Totale omvattende inkomste toeskryfbaar aan: | | |
| ekwiteitshouers | **18 665** | 15 950 |
| nie-beherende belang | **–** | – |
| Basiese verdienste per aandeel (sent) | **2,50** | 2,27 |
| Verwaterde verdienste per aandeel (sent) | **2,50** | 2,27 |

### OPGESOMDE GROEPSTAAT VAN VERANDERINGS IN EKWITEIT

| | Nagesien jaar geëindig 30 September 2009 R'000 | Geouditeer jaar geëindig 30 September 2008 R'000 |
|---|---|---|
| **Gewone aandelekapitaal** | | |
| Saldo aan begin van jaar | **7 184** | 7 184 |
| Uitgereik gedurende jaar | **–** | – |
| Saldo aan einde van jaar | **7 184** | 7 184 |
| **Aandelepremie** | | |
| Saldo aan begin van jaar | **59 905** | 59 905 |
| Premie op aandele-uitgifte | **–** | – |
| Saldo aan einde van jaar | **59 905** | 59 905 |
| **Aandelekapitaalverminderingsreserwefonds** | | |
| Saldo aan begin van jaar | **20 876** | 20 876 |
| Saldo aan einde van jaar | **20 876** | 20 876 |
| **Kapitaaldelgingsreserwefonds** | | |
| Saldo aan begin van jaar | **4** | 4 |
| Saldo aan einde van jaar | **4** | 4 |
| **Valuta-omrekeningsreserwe** | | |
| Saldo aan begin van jaar | **(1 423)** | (1 063) |
| Reserwe by omrekening van buitelandse filiaal | **(150)** | (360) |
| Saldo aan einde van jaar | **(1 573)** | (1 423) |
| **Herwaardasiereserwe** | | |
| Saldo aan begin van jaar | **–** | – |
| Herwaardasie van grond en geboue | **864** | – |
| Saldo aan einde van jaar | **864** | – |
| **Opgehoopte wins/(verlies)** | | |
| Saldo aan begin van jaar | **6 309** | (3 121) |
| Wins gerealiseer op bykomende belang verkry in filiaal | **–** | 304 |
| Totale omvattende inkomste vir die jaar | **17 951** | 16 310 |
| Gewone dividend betaal | **–** | (7 184) |
| Saldo aan einde van jaar | **24 260** | 6 309 |
| Gewone aandeelhouersekwiteit | **111 520** | 92 855 |
| **Ekwiteitsgedeelte van voorkeuraandelekapitaal** | | |
| Saldo aan begin van jaar | **546** | 546 |
| Saldo aan einde van jaar | **546** | 546 |
| **Nie-beherende belang** | | |
| Saldo aan begin van jaar | **5** | 5 |
| Wins toeskryfbaar aan nie-beherende belang | **–** | – |
| Saldo aan einde van jaar | **5** | 5 |
| **Totale inkomste en uitgawe vir die jaar** | | |
| Wins vir jaar | **17 951** | 16 310 |
| – Toeskryfbaar aan ekwiteitsaandeelhouers | **17 951** | 16 310 |
| – Toeskryfbaar aan nie-beherende belang | **–** | – |
| Totale ander omvattende inkomste vir die jaar | **714** | (360) |
| | **18 665** | 15 950 |

**Ouditeure**
Mazars Moores Rowland is in 2009 as ouditeure herkies.

**Borg**
Arcay Moela Sponsors (Eiendoms) Beperk
(Registrasienommer 2006/033725/07)

**Direkteure**
M Tollman (Uitvoerende Voorsitter)‡
MA Ness*‡
VET O'Hana‡
DD Hosking**‡
LA Pampallis
G Tollman***‡
DK Standage (Finansiële Direkteur)
* Brits ** Nieu-Seelands *** VSA
‡ Nie-uitvoerend

**Maatskappysekretaris**
DK Standage

**Geregistreerde kantoor**
Hoodlaan 6, Rosebank, 2196

**Oordragsekretaris**
Computershare Investor Services (Edms) Beperk
Grondverdieping, Marshallstraat 70, Johannesburg, 2001
(Posbus 61051, Marshalltown, 2107)

**Vir meer inligting oor groepaktiwiteite skryf asseblief aan:**
Die Maatskappysekretaris, Cullinan Holdings Beperk
Posbus 41032, Craighall, 2024
(Registrasienommer 1902/001808/06)
(Aandeelkode: CUL ISIN: ZAE000013710)
("die maatskappy" of "die groep")

### OPGESOMDE GROEPKONTANTVLOEISTAAT

| | Nagesien jaar geëindig 30 September 2009 R'000 | Geouditeer jaar geëindig 30 September 2008 R'000 |
|---|---|---|
| Netto kontantinvloei/(uitvloei) uit bedryfsaktiwiteite | **(3 334)** | 27 059 |
| Netto kontantuitvloei uit beleggingsaktiwiteite | **(27 667)** | (13 098) |
| Netto kontantuitvloei uit finansieringsaktiwiteite | **(2 638)** | (5 960) |
| Netto (afname)/toename in kontant en kontantekwivalente | **(33 639)** | 8 001 |
| Kontant en kontantekwivalente aan begin van jaar | **130 169** | 122 168 |
| **Kontant en kontantekwivalente aan einde van jaar** | **96 530** | 130 169 |

### AANTEKENINGE

**1. Opstellingsgrondslag**

Die nagesiene opgesomde gekonsolideerde finansiële state is in ooreenstemming met IRS 34 Tussentydse Finansiële Verslagdoening opgestel en voldoen aan die Suid-Afrikaanse Maatskappywet, No. 61 van 1973, soos gewysig. Die nagesiene opgesomde gekonsolideerde finansiële state word op die historiesekoste-grondslag opgestel, met uitsondering van sekere finansiële instrumente en eiendomme wat teen billike waarde gemeet word. Die beleide stem ooreen met dié van die vorige finansiële jaarstate behoudens die vroeë aanname van IRS 1: Aanbieding van Finansiële State – Hersien. Die groep het voldoen aan die hersiene benamingsgebruike soos deur IRS 1 vereis en rapporteer een Staat van Omvattende Inkomste. Ooreenkomstig IRS 1 word sekere items wat in die Staat van Veranderings in Ekwiteit gerapporteer is nou in die Staat van Omvattende Inkomste gerapporteer.

**2. Eiendom, masjinerie en toerusting**

Gedurende die jaar het die groep eiendom, masjinerie en toerusting van R5,482 miljoen (2008: R13,522 miljoen) gekoop en eiendom, masjinerie en toerusting met 'n boekwaarde van R0,963 miljoen (2008: R2,796 miljoen) verkoop.

Die groep het toekomstige verbintenisse om eiendom, masjinerie en toerusting van R6,895 miljoen (2008: R1,307 miljoen) te koop.

**3. Aantekeninge by die staat van omvattende inkomste**

| | 2009 | 2008 |
|---|---|---|
| Gewone aandele ('000) | | |
| – Uitgereik | **718 355** | 718 355 |
| – Geweegde gemiddelde | **718 355** | 718 355 |
| | **R'000** | R'000 |
| Bepaling van wesensverdienste: | | |
| Wins toeskryfbaar aan gewone aandeelhouers | **17 951** | 16 310 |
| Aandeel van (wins)/verlies van assosiaat en gesamentlike onderneming | **588** | (1 052) |
| Billikewaarde-aanpassing aan beleggingseiendomme, insluitende dié wat geklassifiseer word as gehou vir verkoop | **(4 411)** | (7 426) |
| (Winste)/verliese met verkoop van eiendom, masjinerie en toerusting | **(99)** | (4 247) |
| Totale belastinguitwerking van die aanpassings | **607** | 1 387 |
| Wesensverdienste | **14 636** | 4 972 |
| Wesensverdienste per aandeel (sent) | **2,04** | 0,69 |
| Verwaterde wesensverdienste per aandeel (sent) | **2,04** | 0,69 |
| Netto batewaarde per aandeel (sent) | **15,60** | 13,00 |

**4. Verkryging van sakeonderneming**

Met ingang van 1 Oktober 2008 het die maatskappy Central Boating, 'n leier in die invoer en verspreiding van mariene ontspanningstoerusting aan die seiljag- en kragbootsektor van die mark in Suid-Afrika gekoop. Hierdie verkryging het die maatskappy se teenwoordigheid in die mariene bedryf verstewig en sal in die toekoms bykomende winste tot die groep bydra.

| Besonderhede van netto bates en klandisiewaarde is soos volg: | |
|---|---|
| Koopteenprestasie in kontant betaal | R17,537 miljoen |
| Billike waarde van verkreë netto bates – voorraad | R7,864 miljoen |
| Klandisiewaarde | R9,673 miljoen |

Klandisiewaarde is toeskryfbaar aan aansienlike sinergieë wat na verwagting tussen Manex en Central Boating sal ontstaan.

Sedert die verkrygingsdatum is die volgende bedrae in die Staat van Omvattende Inkomste vir Central Boating vir die jaar ingesluit:

| | |
|---|---|
| Inkomste | R40,483 miljoen |
| Wins | R2,342 miljoen |

**5. Verwante partye**

Die groep se hoofkantore en die Thompsons Johannesburg-bedrywigheid in Rosebank word gehuur van Motolla Property Investments (Edms) Beperk, 'n entiteit waarvan een van die groep se aandeelhouers, Travcorp Financial Services Beperk, 'n verwante party is. Die geregistreerde kantoor en Central Boating-persele word ook van Motolla Property Investments (Edms) Beperk gehuur. Die huurgeld wat vir die jaar aan Motolla betaal is, was markverwant en het R6,652 miljoen (2008: R4,011 miljoen) bedra.

**6. Nasiening deur ouditeure**

Die nagesiene opgesomde gekonsolideerde resultate vir die jaar is deur die groep se ouditeure, Mazars Moores Rowland, nagesien. Hulle ongekwalifiseerde nasienverslag is by die maatskappy se geregistreerde kantoor ter insae beskikbaar.

**7. JSE Beperk ("die JSE")**

Die direkteure van die maatskappy het toegesien dat daar gedurende die jaar onder oorsig aan die Noteringsvereistes van die JSE voldoen is.

**8. Segmentele verslagdoening**

| | Reis & Toerisme R'000 | Seiljag & Duik R'000 | Totaal R'000 |
|---|---|---|---|
| **2009** | | | |
| **Inkomste** | **335 782** | **70 727** | **406 509** |
| **Bedryfswins** | **18 963** | **3 603** | **22 566** |
| 2008 | | | |
| Inkomste | 368 282 | 29 321 | 397 603 |
| Bedryfswins | 15 471 | 1 239 | 16 710 |

**9. Voorwaardelike aanspreeklikhede**

Op 2 Desember 2009 het die maatskappy 'n dagvaarding van die Powerpack Pensioenfonds (in likwidasie) ontvang ingevolge waarvan betaling van ongeveer R45 miljoen plus rente met betrekking tot pensioenfondstransaksies gedurende 1999 geëis word. Die maatskappy betwis aanspreeklikheid en sal die eis teenstaan. Besonderhede met betrekking tot hierdie aangeleentheid is in die aantekeninge van die maatskappy se finansiële jaarstate vir 2008 geopenbaar.

**Oorsig**

Die groep het 'n bestuursverandering halfpad deur die jaar in Maart 2009 geïmplementeer. Die nuwe bestuurspan het die onderneming herfokus deur die implementering van doeltreffendhede in bedrywighede en 'n voortgesette aksie om diensvlakke te verbeter en die bestewaarde-vakansies aan sy klante te verskaf. Die gevolg was 'n aansienlike verbetering in winsgewendheid in die tweede helfte van die jaar. Wins voor belasting het met R13,279 miljoen gedurende die eerste helfte van die jaar gedaal en met R16,611 miljoen in die tweede helfte van die jaar gestyg. Ons bedank die direksie, bestuur en ons werknemers vir hulle pogings, verbondenheid en bydrae tot hierdie verbeterde resultate wat behaal is. Ekonomiese toestande het die hele jaar uitdagend gebly.

**Kontantvloei**

Kontantmiddele het in die eerste helfte van die jaar gedaal as gevolg van die verkryging van Central Boating vir kontant, 'n algemene daling in besigheid en 'n verandering in bespreekingspatrone vir Holidays. In die tweede helfte het kontantmiddele met R9 miljoen gestyg, wat verblydend is, veral omdat die tweede helfte van die jaar tradisioneel 'n trae tydperk vir kontantgenerering is.

**Bedryfsoorsig**

**Seiljag en Duik (Cullinan Marine)**

Die Mariene & Ontspanningseenheid bestaan uit Central Boating en Manex Marine. Die eenheid het goed gepresteer gedurende die jaar ten spyte van moeilike handelstoestande.

**Manex**

Manex is 'n verskaffer aan die duik- en seiljagboubedryf. Die onderneming hou agentskappe vir 'n aantal sleutelhandelsmerke in hierdie bedrywe. Die onderneming het baat gevind by 'n bestuursverandering. Dit het verbeterde diensvlakke, doeltreffendhede en 'n verbetering in waarde wat aan sy klante gelewer word tot gevolg gehad. Ondanks 'n moeilike handelsjaar het die finansiële resultate vir die jaar dié van die vorige jaar aansienlik oorskry.

**Central Boating**

Central Boating is 'n verskaffer aan die seiljagbedryf en hou agentskappe vir 'n aantal toonaangewende handelsmerke wat in baie gevalle aanvullend by dié van Manex is. Die onderneming is in Oktober 2008 verkry en het aan sy prestasieverwagtinge vir die jaar voldoen.

**Reis en Toerisme**

**Thompsons Touring & Safaris**

Die Toerafdeling verskaf toerismeprodukte vir die inwaarts-afdeling. Dit sluit begeleide toere, algemene besigtigings- en oopvoertuig-wildkykritte in die Nasionale Parke in wat oor die lengte en breedte van Suider-Afrika aangebied word. Die bestuur het stappe gedoen om uitdagende marktoestande die hoof te bied. Dit het tot gevolg gehad dat winsgewendheid vir die jaar die vlakke van 2008 oorskry het.

**Hylton Ross Tours**

Hylton Ross Tours bedryf toerbusse en voertuie op 'n huurgrondslag in die plaaslike reismark en bied ook dagtoere in en om die Wes-Kaap en die Tuinroete aan. Die onderneming is aangetas deur die daling in die markvraag. Aangesien dit verwag was, is ook in hierdie geval vooruit stappe gedoen, met die gevolg dat winsgewendheid vir die jaar dié van 2008 oorskry het.

**Thompsons Corporate and Leisure Travel**

Thompsons Travel is 'n kleinhandelreisagentskap met kantore in Johannesburg, Kaapstad en Durban. Die Korporatiewe en Ontspanningsafdeling is albei aangetas deur 'n afname in die vraag in die plaaslike mark gedurende die jaar. Die bestuur het stappe gedoen om die onderneming met die oog op 2010 te verbeter.

**Pentravel**

Pentravel is 'n ketting van 23 kleinhandelreisafsetpunte wat in die groot winkelsentrums oral in Suid-Afrika geleë is. Die onderneming het 'n afname in omset en winsgewendheid gedurende die jaar ondervind. Dié afname het met die algemene verlangsaming in die plaaslike reismark in Suid-Afrika ooreengestem. 'n Nuwe bestuurspan is gedurende die tweede helfte van 2009 op die been gebring en stappe is gedoen om die onderneming met die oog op 2010 te verbeter.

**Thompsons Holidays (die uitwaarts-afdeling)**

Die Holidays-afdeling is die voorste groothandelverskaffer van reisverwante produkte en vakansies aan die Suid-Afrikaanse mark en sy vakansieproduk word deur middel van plaaslike reisagentskappe en konsortiums versprei. Verkope is deur die afswaai in die plaaslike reismark aangetas. 'n Nuwe bestuurspan is gedurende die tweede helfte van die jaar geïnstalleer, met 'n fokus op verbeterde doeltreffendhede, diensvlakke en die verskaffing van die beste waarde aan sy klante deur die bekendstelling van die Thompsons Specialist Collection. Die bekendstelling van die Thompsons Specialist Collection, wat bestewaarde-vakansiepakkette in die Suid-Afrikaanse mark verteenwoordig, het baie suksesvol geblyk. Die gevolg was 'n aansienlike verbetering in winsgewendheid gedurende die tweede helfte van die jaar in vergelyking met die vorige jaar. Verdere stappe word verwag om die onderneming te verbeter en die vooruitsig vir verdere groei in 2010 is positief.

**Thompsons Africa (die inwaarts-afdeling)**

Die Thompsons Africa-afdeling is die toonaangewende Suid-Afrikaanse toergroothandelaar en bestemmingbemarkingsorganisasie. Die afdeling verkoop Southern Sun-reispakkette aan internasionale toeroperateurs met 'n prima klantebasis. Die klantebasis is geografies goed gesprei en Thompsons Africa geniet erkenning as die bekendste handelsnaam by Suid-Afrikaanse bestemming-bestuursmaatskappye wat in die internasionale reismark bedrywig is. Die afswaai in die mark in 2009 was verwag en die stappe wat gedoen is om koste te verminder en doeltreffendhede te verbeter, was suksesvol en het winsgewendheid in die tweede helfte van die jaar verhoog vergeleke met die vorige jaar.

**Planet Africa**

Die Planet Africa-afdeling is 'n gesamentlikeondernemingsbedrywigheid wat gestig is om Suider-Afrika hoofsaaklik aan Japannese en Koreaanse toeroperateurs te verkoop en te bemark. Die onderneming is die grootste inwaarts-toeroperateur wat in die Japannese mark bedrywig is en alhoewel dit deur 'n daling in die vraag uit Japan aangetas is, is winsgewendheid deur middel van verhoogde doeltreffendhede gehandhaaf.

**Thompsons Gateway Singapore**

Gateway is 'n verkoopskantoor in Singapoer wat Suider-Afrikaanse pakkette aan die Suidoos-Asiese reisbedryf verkoop. Die verkoopskantoor het 'n redelike omsetvlak gehandhaaf hoewel winsgewendheid gedurende die jaar gedaal het.

**Vooruitsigte**

Hoewel ekonomiese toestande uitdagend bly, het bestuursveranderings in Maart 2009 die dinamiek van die onderneming verbeter en die vooruitsigte vir die jaar wat voorlê is positief. Die groep beoog om voort te gaan om op organiese uitbreiding van sy besigheid te fokus en is goed geposisioneer om by die 2010 Wêreldbeker baat te vind. Die nastrewing van verdere groeigeleenthede deur middel van verkryging sal ook voortduur.

Namens die direksie

**M Tollman**
Uitvoerende Voorsitter

**DK Standage**
Hoof Finansiële Beampte

8 Desember 2009

ince.motiv